

REGLEMENT EVANGELISERINGSMEDIAFONDS

(Hierdie Reglement vervang en wysig alle vorige besluite aangaande die Evangeliseringsmediafonds.)

1 AGTERGROND

Die Evangeliseringsmediafonds het in 1991 ontstaan as samevoeging van die destydse fondse van die deputate vir Evangelisasielektuur en dié vir Sending- en Nasorglektuur:

- Die *Evangelisasielektuurfonds* het in 1945 ontstaan as 'n Evangelisasiefonds waaruit alle bedieningswerk rondom die bediening van die evangelie aan die buitekerklike gefinansier is. In 1961 is die fokus van hierdie fonds beperk tot die voorsiening van evangelisasielektuur.
- Die *Sending- en Nasorglektuurfonds* het in 1964 ontstaan om te sorg vir voorsiening van Christelike lektuur soos benodig op die sendingveld.

2 NAAM

Die Evangeliseringsmediafonds (EMF).

3 DOEL

Die doel van die Evangeliseringsmediafonds is om lektuur en ander hulpmiddels beskikbaar te stel volgens die evangelisasie-, apologetiese en toerustingsbehoefte van die kerke.

4 ADMINISTRASIE

4.1 Die administrasie van die finansies en die publikasies van die Evangeliseringsmediafonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die Deputate ontvang jaarliks geouditeerde state waarin die stand van die fonds aangedui word.

5 BEHEER

Die beheer en toesig oor die werksaamhede van die Evangeliseringsmediafonds word deur die Deputate behartig wat tydens elke Nasionale Sinodesitting benoem word.

6 SAMESTELLING VAN DEPUTATE

- 6.1 Die Deputate bestaan uit vyf lede waarby die Direkteur van die Administratiewe Buro (ex officio) ingesluit is.
- 6.2 Twee van die lede moet verkieslik op Potchefstroom woon.
- 6.3 Ter wille van kontinuïteit moet ten minste twee lede herbenoem word.
- 6.4 Die Sinode wys sekundi Deputate aan om moontlike vakatures te kan vul.
- 6.5 Die Deputate konstitueer self en verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba.
- 6.6 Die Deputate benoem 'n dagbestuur bestaande uit drie lede.
- 6.7 Die voorsitter van die Deputate is ex officio voorsitter van die dagbestuur.

7 FUNKSIONERING VAN DEPUTATE

- 7.1 Die Deputate vergader so dikwels as nodig, maar ten minste een keer per jaar.
- 7.2 Wanneer nodig, belê die voorsitter en skriba 'n vergadering. Die dagbestuur het ook die reg om 'n vergadering op te roep.
- 7.3 Die Deputate kan magte en pligte aan die dagbestuur delegeer.

8 OPDRAGTE EN PLIGTE VAN DEPUTATE

- 8.1 Die Deputate hou toesig en oefen beheer uit oor die werksaamhede van die fonds.
- 8.2 Die Deputate bly verantwoordelik vir die insameling en besteding van die fondse.
- 8.3 Die Deputate is verantwoordelik om alle besluite wat die Nasionale Sinode ten opsigte van Evangeliseringsmedia neem, uit te voer.
- 8.4 Die Deputate sorg dat alle publikasies wat uitgegee word, keurig versorg en gedruk is.
- 8.5 Die Deputate sorg dat aan al die wetlike vereistes ten opsigte van publikasies voldoen word.

- 8.6 Die Deputate sorg dat alle handels- of besigheidsaangeleenthede in verband met die publikasies behartig word.
- 8.7 Die Deputate reël alle ter sake ooreenkomste; met die voorsitter en skriba wat alle ooreenkomste onderteken.
- 8.8 Die Deputate voer spesiale opdragte soos deur die Nasionale Sinode opgelê, uit.

9 FINANSIERING

- 9.1 Die Sinode voorsien die nodige fondse vir projekte wat opgedra word.

10 OOREENKOMSTE

Die Deputate het die magtiging om die volgende ooreenkomste aan te gaan:

- 10.1 Ooreenkomste ten opsigte van die druk van alle relevante publikasies.
- 10.2 Enige ander noodsaaklike ooreenkomste soos nodig vir die uitvoer van hul opdrag.

11 RAPPORT

Die Deputate lewer aan elke Nasionale Sinode volledig verslag oor al die werksaamhede van die Evangeliseringsmediafonds.

12 WYSIGING VAN REGLEMENT

Wysigings aan die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds kan alleen deur die Nasionale Sinode van die GKSA gedoen word.